



## Raaisel, Vasvra, Quiz Night

Om Blitsposte ontvang, stuur 'n e-pos na [bladuitleg@nhk.co.za](mailto:bladuitleg@nhk.co.za) of [grafies@nhk.co.za](mailto:grafies@nhk.co.za) en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word.

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhka.org](http://www.nhka.org)

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud.

Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**1 500 tot 1 000 vC: Uit 'n eter kom daar iets te ete, uit 'n sterke kom daar iets soets (Rig 14: 14, AFR1983). Was hierdie Bybelse raaisel dalk die eerste Quiz? Dié raaisel is ook tydens 'n vrolike geleentheid gevra. In die Ou Testamentiese tyd was die vra van raaisels 'n algemene praktyk, selfs in die koninghuis. Kennis en insig is so getoets.**

2022 tot 2023 nC: Die sekondes tel af, dis so stresvol jy kou jou buurman se naels. Watter vrou word verbind met handel in pers wolmateriaal? Was dit Linda? Nee, dit klink nie reg nie. Dit begin beslis met 'n "L". Linah? Hmm, nee, ook nie dit nie.

Die quiz bestaan uit 5 rondtes met 10 vrae elk, aan die einde is 'n kopkrapper as bonusvraag. Daar is 5 afdelings elk met sy eie spesialis-vraagopsteller. Algemene kennis of vragen met betrekking tot die tema van die aand, natuur, godsdiens, musiek, asook sport.

*Lidia*, mompel jou spanmaat. *BINGO!* Dis die naam, sy word verbind met die handel in pers wolmateriaal.

Die dominee bemark dit as 'n *jolige aand*, maar daar moet kopgehoud word tussen Maria die gedig en Maria Magdalena van die Bybel; tussendeur moet die omgekeerde veeghou van krieket gedemonstreer word (gelukkig nog nie 'n stelskop nie).

*Anagram*, kondig die *quiz master* aan. *IS LEMOEN LIS*. Skommel die letters om 'n sokkerspeler se naam te kry – spelling tel hierdie keer. Binne sekondes verhelder een van die hoërskooldeelnemers se gesigte. Hy kon dit uitwerk! *BOOYA!*

Terwyl die spanne swoeg en sweet, dink die organiserder van die geleentheid temas vir elke maand se *quiz* uit – vragen in elke afdeling word rondom die tema beplan: swimmers met gestremdhede om by die TOIBO-tema en -deurkollekte te pas; liedjies met "vrou" in die titel wat by die NHSV tema en deurkollekte vir hul Studielengsfonds pas.

Waar of vals: Kan 'n uil sy kop 360° draai? Hierdie is 'n *no-brainer*. VALS, skryf jy jou antwoord met selfvertroue neer. Hoekom kan al die vragen nie so maklik wees nie?

In 'n eietydse aanbieding deur middel van 'n *Quiz-aand* word vragen gevra rakende die ontstaan van die NHKA se Kinderhuise en die Bybelse opdrag van versorging van weeskinderen, of pleegsorg, soos ons dit vandag ken.

**Omsendskrywe 7/2023** handel oor die spesiale deurkollekte vir die Diakonale Pleegsorgstelsel (DPS) op 5 Maart 2023. Lees die omsendskrywe [hier](#).

Alle gemeentes is gevra om hul eie *Quiz-aand* te reël vir die spesiale deurkollekte ten bate van die DPS-huise. Skakel met diak Andries Pretorius, en die vragen en ander inligting sal aan jull *quiz master* voorsien word. Lees die ADV Nuusbrief [hier](#) met al die inligting.

Die volgende opsie is dat gemeentespanne inskakel by die *Quiz-aand* van die DPS-huis waar hulle ingedeel is. Skakel met die voorste van die betrokke DPS-huis se toesigkomitee.

Soos opvoedkundiges sê, al spelende leer ons en al lerende speel ons. Dit werk die beste as al die lede van die span koppe bymekaar sit. Almal het iets om by te dra, al is dit net om daardie een duistere vraag in Rondte 4 te beantwoord. En *swiets*, tonne *swiets*, om die span se energievlekke hoog te hou!

## Lief en leed

- **Ons dink aan dr WA (Willie) Strydom** (61) en sy vrou, Erika, van Eikenhof/Johannesburg-Suid. Dr Willie word tans behandel vir slukdermkanker. Ons bid dat hy gou beterskap sal ervaar.
- **Die volgende predikante verjaar tot 10 Maart, en word hartlik geluk gewens:**
  - Donderdag 2 Maart: Di JM (Johan) Delport (71) (emeritus) en EG (Etienne) Fourie (65) (Kempton)
  - Saterdag 4 Maart: Dr JLJ (Johan) Smit (70) (emeritus)
  - Maandag 6 Maart: Di M (Mariaan) Delport (44) (Erasmia) en WM (Elmien) Shaw (33) (Swartkop)
  - Dinsdag 7 Maart: Drr AC (Carel) Botma (59) (Bothaville) en DJ (Deon) du Toit (50) (Pierneef)
  - Donderdag 9 Maart: Di JJH (Koos) Engelbrecht (73) (emeritus) en LJ (Louw) van der Linde (54) (Evander)
  - Vrydag 10 Maart: Ds TF (Thomas) Dreyer (47) (Wapadrand)




Dr Willie Strydom

## Gemeentes en bediening

- Persone wat 'n saak onder die **aandag van die Kommissie van die AKV** wil bring, moet die besonderhede daarvan asseblief **teen Donderdag 2 Maart 2023** deurstuur aan mev Karen Breedt by [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za). **Geen laat sake** word op die agenda toegelaat nie. Die Kommissie van die AKV vergader op 9 en 10 Maart 2023.
- **Ds PW (Waldo) Pretorius** (beroepafwagtend) het die beroep na Ventersdorp aanvaar. Hy word op 12 Maart om 12:00 daar bevestig.



Ds Waldo Pretorius



Is jy,  
of iemand wat jy ken  
deel van die  
Semi-grasie?

Ons wil jou graag  
verwelkom en  
help tuis voel  
in die KAAP

Kontak ds Leanie Lemmer van NHK Bellville by  
[hervormersindiekaap@gmail.com](mailto:hervormersindiekaap@gmail.com)

- **Gemeente Johannesburg-Suid** het op 1 Maart 2023 **saamgesmelt met Gemeente Eikenhof**. Die laaste afsonderlike eredienste is op 26 Februarie gehou; vanaf Maart 2023 sal daar slegs by Eikenhof 'n erediens wees. Die besonderhede van die nuwe funksionarisse sal binnekort beskikbaar wees.
- **Gemeente Noordelike Pretoria**, tweede oudste Nederduitsch Hervormde Gemeente in Pretoria, se **eiendom** by 12de Laan 512, Gezina, **is verkoop**. Die gemeente wil graag die **preekstoel** aan 'n gemeente van ons Kerk **skenk**. Daar kan nie met sekerheid gesê word of die preekstoel heeltemal afgebreek moet word om dit te verwyder nie. Dié inligting sal eers oor 'n week beskikbaar wees. Die laaste preek van ds Robert van Niekerk op die preekstoel sal op Sondag 5 Maart 2023 wees. Die nuwe eienaars van die eiendom stel nie belang in die preekstoel of die orrel nie. Ons doen 'n ernstige beroep op enige "hoogkundige" orrelbouer/kenner om



met die verskuiwing van die orrel na Gemeente Montana te help. Gelukkig is bouplanne van die orrel in ons Kerkargief bewaar. Indien 'n gemeente van ons Kerk belangstel in die preekstoel, kan hulle met ds Robert van Niekerk by 082 929 5677, of oul Gerrit de Vries by 082 719 4393 skakel, of by [gert-bes@lantic.net](mailto:gert-bes@lantic.net) meer inligting bekom.

- **Gemeente Naboomspruit: Vakante pos vir voltydse orrelis.** Belangstellendes kan hul CV stuur na [nedhervkerknbs@gmail.com](mailto:nedhervkerknbs@gmail.com) of Marlene kontak by 014 743 1325 tydens kantoorure (08:00-13:00). Die voordele sal met die kandidate bespreek word. Die kerkgebou is op die hoek van Vyfdaalaan en Nelson Mandelarylaan in Naboomspruit.
- **Gemeente Losberg** is in Mei 1925 gestig. Oor twee jaar is die gemeente 100 jaar oud. Al die predikante wat nog met ons is, asook gemeenteledere wat sedert 1925 by die gemeente betrokke was, word vriendelik versoek om enige inligting, foto's, staaltjies en gebeure waaroer hulle beskik, te stuur aan Frikkie Boshoff per e-pos ([frikkiesan@gmail.com](mailto:frikkiesan@gmail.com)). Baie dankie by voorbaat!
- **WERKRUIMTE: SAMEWERKENDE GEMEENTES LOUIS TRICHARDT, ZOUTPANSBERG EN VAN WARMELO**

Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om hierdie bedieningsruimte te vul.

**Gemeenteprofiel:** Die samewerkende gemeentes is Louis Trichardt en Zoutpansberg te Louis Trichardt tesame met Van Warmelo te Alldays. Die drie gemeentes is binne die ring van Noordelike Bosveld. Die Louis Trichardt-gemeentes het 'n gesamentlike sieletal van ongeveer 80, terwyl Van Warmelo 'n sieletal van ongeveer 68 het. Die gemeentes het trauma beleef na die skeuring wat in die NHKA plaasgevind het. Predikante wat belangstel, moet kennis neem dat daar, in samewerking met die kerkrade, uitdagings sal wees om weer vertroue en samehorigheid in die gemeentes te vestig.

**Versorging:** Die intreeskale van die Kerk is gebruik as riglyn vir die samestelling van die versorging wat insluit subsidie vir behuising, reiskoste, pensioen en medies.

**Aansoeke: Aansoeke sluit op 17 Maart 2023** en moet vergesel wees van 'n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van twee referente insluit. Aansoeke word gestuur aan die skriba van die samewerkende gemeentes, oul DJ (Dirk) Harmse ([djharmse@gmail.com](mailto:djharmse@gmail.com)).

**Diensaanvaarding:** So spoedig moontlik, maar onderhandelbaar.

Die kerkrade behou die reg voor om die lys van kandidate na die sluitingsdatum te verklein of te vergroot en mag self ander kandidate nader. Indien nodig, sal die pos weer geadverteer word.

Vir enige navrae, kontak oul Dirk Harmse by 082 921 0477.

- **WERKRUIMTE VIR VOLTYDSE BEDIENING: GEMEENTE SWELLENDAM**

Aansoeke word ingewag van gelegitimeerde predikante van die NHKA om die werkruimte te vul ná die emeritaatsaanvaarding van die huidige predikant op 30 Junie 2023.

**Gemeente:** Die gemeente dink met 'n Kopspiritualiteit oor Kerk, maar funksioneer in hulself met 'n Hart- en-Hand-spiritualiteit. Die gemeente is gereed vir groei en sal veral wil fokus op 'n herontdekking van hul roeping. Die gemeente is 65 jaar oud. Die gemiddelde ouderdom van die gemeente se 190 belydende lidmate en 16 dooplidmate is 57 jaar. Dit is 'n pastorale gemeente.

Die gemeente het kerkgeboue in Swellendam en Bredasdorp en daar word elke Sondag op albei plekke 'n erediens gehou. Die pastorie is in Swellendam. Die lidmate woon in 14 verskillende dorpe, daarom is kontak met die lidmate en huisbesoek baie belangrik. Pligte soos in die Kerkorde moet uitgevoer word.

Die riglyne vir die versorging soos voorgestel deur die Sinodale Dienssentrum word gevolg. Die gemeente kan die predikant tans vergoed tot op die sinodale riglyne vir 'n predikant met 9-10 jaar diens. Enige predikant met meer diensjare, wat vir 'n versorging tot op 10 jaar kan begin werk, is welkom om aansoek te doen.

**Leraarsprofiel:** Die leraar moet lief wees vir die Here en sy kudde. Die Hervormde identiteit en etos is vir die gemeente baie belangrik.

**Aansoeke sluit op 27 Maart 2023.** Aansoeke moet vergesel wees van 'n CV wat 'n kort verslag van die afgelope drie jaar se VBO-krediete insluit. Dit moet gestuur word aan die skriba by [nhkswellendam@gmail.com](mailto:nhkswellendam@gmail.com). Enige ander navrae kan aan dieselfde adres gerig word. Die kerkraad is nie verplig om een van die aansoekers te beroep nie.

## Vergaderings

- Woensdag 8 Maart: Bestuurskomitee
- Donderdag 9 Maart: Kommissie van die AKV
- Vrydag 10 Maart: Kommissie van die AKV  
TOIBO Uitvoerende Komitee

## Kerklike publikasies



- Die NHKA se **Almanak 2023** is uitverkoop. Daar is egter nog verskeie eksemplare van *Almanak 2022* beskikbaar, nou teen **R90 elk (versending uitgesluit)**. Hoewel van die besonderhede natuurlik verander het, is die *Almanak*-inligting nog grootliks bruikbaar. Die tekste in die **Bybelse Dagboek** is steeds opbouend en kan vir lesers inspirasie en hoop bring, al het die datums en kerklike feesdae intussen aangeskuif. Bestel by mev Sarie Roux, by [boekwinkel@nhk.co.za](mailto:boekwinkel@nhk.co.za)
- Ons nooi graag die NHKA se predikante om **preke (sonder liturgie) te stuur na annelie. botha@up.ac.za** vir plasing op die Kerk se webblad by <https://nhka.org/die-woord/preke/>.

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na [stellenbosch@nhk.co.za](mailto:stellenbosch@nhk.co.za) vir meer inligting.
- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na [nhkphiladelphia@gmail.com](mailto:nhkphiladelphia@gmail.com) vir meer inligting.

## Toerusting

- **Die Millenniërgesprek**

*Wat die ruspes laat oorbly het, het die treksprinkane opgevreet; wat die treksprinkane laat oorbly het, het die voetgangersprinkane opgevreet, wat die voetgangers laat oorbly het, het die kaalvretersprinkane opgevreet (Joël 1: 4, AFR2020).* Wat het die sprinkane in Joël, die Millenniërs en die NHKA met mekaar gemeen? Verstommend baie! Kom vind uit deur die volgende bekendstellingsgeleenthede by te woon:

**Dinsdag 7 Maart om 09:00 en 19:00**

**Dinsdag 14 Maart om 19:00**

Topic: VTT/VTK Bekendstelling: Millenniërgesprek

Time: Mar 7 en 14, 2023 09:00 Harare, Pretoria

Join Zoom Meeting

<https://us02web.zoom.us/j/9427689935?pwd=d3d3K1N1cDU0a1pIZCtjSS9ZSFY4dz09>

Meeting ID: 942 768 9935

Passcode: SGB

- Lees **hier** prof Natie van Wyk se artikel *Anderkant die politieke gebruik van skaamte en skuld*. In die artikel betoog prof Van Wyk daarvoor dat 'n noukeurige analise van skaamte en skaamteloosheid, asook skuld en skuldgevoelens, nodig is om groter onderlinge begrip te kweek, en 'n weg te vind wat die mense van hierdie land nie nóg verder uit mekaar gaan jaag nie.
- **Mentorskap-opleiding.** Op **24 en 25 April 2023** van 09:00 tot 16:00 vind 'n gratis aanlyn toerustingsgeleenthed vir predikante plaas. Dit is vir die Kerk belangrik om te belê in die opleiding, groei, ondersteuning en begeleiding van predikante. Alle belangstellendes is welkom. Kontak ds Lisa-Mari Prinsloo by [lisamari.swanepoel@gmail.com](mailto:lisamari.swanepoel@gmail.com) om jou plek te bespreek.

## 'n Gedig

die karoo is spuls vanjaar  
die nuwejaarsbos het haar pienk flikkers  
vir die son gegooi  
die vaalkaroo staan bankvas  
wieg hand om die lyf met die polgras  
kniertjesgras bruinhoenderspoor en douvat  
kafoefel teen die rante  
kapokbos trek later die voorskootveld toe  
onder 'n donskombers

op die rûensveld word hulle wakker  
en in die leegtes baljaar dit al  
jakkalsstert lammerlat daggapit  
kanniedood bloutulp aandblom  
witstorm swartstorm botterblom  
kougoed sterboom hoenderkloek  
muistepel wolfolie koggelmandervoet  
kwaaibul bekvol bietou  
vetharpuis soetharpuis melktou  
heuningkaroo vleikaroo ankerkaroo  
doringkaroo boegoekaroo perdekaroo  
dikvoet karmedik skaap-ertjie  
oondbos geelgranaat aprilbaadjie  
klokkiebos niesbos bloubekkie  
kankerbos jakkalsbos bokkos  
gombos kersbos bobbejaankos  
klitsklawer teesuiker bakkersbos  
doringvygie donkievygie draaibos  
osbossie skoenveter soutbos  
blommetjie-opslag sewejaartjies pleisterbos

dis 'n blomjaar  
dis 'n karoobaar

**(Prof) Andries Breytenbach**  
**Emeritus/Vanderkloof**

## Barmhartigheid

- **Belfast Rusoord.** Kom raak rustig in ons goed toegeruste kamers met opgeleide personeel en ander vrolike seniorburgers. Ons bied 24-uur mediese versorging; CCTV; 24-uur-toegangsbeheer; drie gebalanseerde maaltye per dag; en aktiwiteite vir elkeen. Semiversorgend: R6 180  
Verswakte bejaardes: R6 720  
**Woonstelle (selfversorgend)**  
Enkelwoonstel (*Bachelor*): R2 830  
Eenslaapkamer: R4 500  
Tweeslaapkamer: R6 070  
Kontak ons bestuurder vir enige navrae  
Riana de Villiers 013 253 31211 / 063 663 7449 [manager@belfastrusoord.co.za](mailto:manager@belfastrusoord.co.za)
- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**  
**Verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede**  
Enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer  
Verblyf met 3 etes ingesluit  
Verblyf sonder versorging R1 700 per maand  
24-uur-versorging onderhandelbaar  
(maksimum R8 000 per maand deelkamer)  
Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089  
[navrae@athalia.co.za](mailto:navrae@athalia.co.za)  
[www.athalia.co.za](http://www.athalia.co.za)
- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.
- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. 'n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.
- **Seniordal-aftreeoord**  
Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as 'n stil, veilige, boomryke omgewing en 'n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:  
Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000  
Eenslaapkamer: R515 000  
1½-slaapkamer: R520 000  
Tweeslaapkamer: R560 000  
Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520

## Fondsinsameling

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** (*Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.*) Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi**.

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of 'n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za). GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit).** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjakrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos.** Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.

## Gebed vir die week

Hemelse Vader,  
ons harte is swaar, gebroke.  
Gee ons die oë om te sien en die ore om te hoor  
waar u Gees aan die werk is.  
Help ons om elke mens te sien soos U hulle sien.  
Laat ons harte breek oor dieselfde dinge  
waaroor u hart breek.  
Laat ons nie maar net sê dat ons mekaar liefhet nie.  
Help ons om bedroef te wees saam met die bedroefdes,  
en te ween saam met dié wat ween.  
Laat u geregtigheid en genade soos waters oor ons vloei.  
Laat u regverdigheid en liefde uit ons vloei  
soos strome lewende water.  
Suiwer ons harte, Here,  
en vul ons met 'n oregte hunkering  
na geregtigheid, medelye, en ware vrede.  
Heer, ons Heer,  
laat regverdigheid, barmhartigheid en genade by my begin.  
In Jesus se Naam.  
Amen.

[web.assets.youversion.com](http://web.assets.youversion.com)

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)